

Kry gou hulp! Skakel 044 691 3722!

Skakel **044 691 3722** om hulp in 'n noodgeval te kry. Gee vir hulle jou naam en huisadres en beantwoord hulle vrae. Maak seker julle huis se nommer is duidelik sodat die helpers jou gou kan bereik.



My huisadres is:



1. As 'n brand ontstaan, vir wie moet jy skakel vir hulp?

	Ja	Nee
a) julle bure	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
b) die polisie	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
c) 044 691 3722	<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
2. Ken julle hele gesin die noodnommer 044 691 3722?

<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
--------------------------	--------------------------
3. Het jy 044 691 3722 langs julle foon neergeskryf waar almal dit kan sien?

<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
--------------------------	--------------------------



Brand- en lewensveiligheid begin tuis

Liewe kinders

Ek is julle vriendelike brandbestryder en dit is my hond Max. Baie kinders word elke jaar in brande beseer. Hier is **sewe** belangrike dinge wat jou sal help om jouself teen brande te beskerm...

Lees deur elkeen van die sewe boodskappe saam met jou vriende en gesin. Gesels oor die prente en beantwoord die vrae onderaan elke bladsy.

Onthou - brand en lewensveiligheid begin tuis – en deel wat jy geleer het met jou vriende en gesin!



Hier is hoe jy 'n verskil kan maak:

- ❖ Sê vir grootmense om *vuurhoutjies en aanstekers* in 'n veilige plek te hou – buite die sig, buite die bereik en die gedagtes van kinders
- ❖ Leer hoe om te *stop, te val en te rol* en *laag onder rook te kruip*. Leer dit vir jou vriende en familie.
- ❖ Leer hoe om brandwonde af te koel
- ❖ Beplan saam met jou gesin 'n *wegkomplan*, en
- ❖ Maak seker jy ken jou *huisadres* en hoe om 044 691 3722 te skakel vir hulp tydens 'n noodgeval.



MOSSELBAAI BRAND EN REDDINGSDIENSTE
 Brand en Lewensveiligheid Onderrig
 Tel: 044 691 3722 Faks: 044 691 1480



1

Bêre vuurhoutjies en aanstekers in 'n veilige plek

Dis gevaarlik om met vuurhoutjies en aanstekers te speel want 'n klein vuurtjie kan maklik buite beheer raak. Vuurhoutjies en aanstekers moet veilig weggebêre word — buite die sig, die bereik en die gedagtes van kinders.

As jy vuurhoutjies of aanstekers êrens kry, sê vir 'n grootmens om dit in 'n veilige plek te bêre.



?

- | | Ja | Nee |
|---|--------------------------|--------------------------|
| 1. Word vuurhoutjies en aanstekers in jou huis buite die sig, die bereik en die gedagtes van kinders gehou? | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| 2. Indien nie, het jy vir jou ouers gesê om dit in 'n veilige plek te bêre? | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| 3. Sal jy vir 'n grootmens sê as jy 'n maat met vuurhoutjies en aanstekers sien speel? | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |

6

Verkoel 'n brandwond!

Tree vinnig op om 'n brandwond af te koel. Hou dit 20 minute lank in **koel** water.

Sê vir jou ouers om koel water te gebruik en moet nooit room, botter, olie, ys of tandepasta op die brandwond sit nie. Dit sal die brandwond erger maak.



Verkoel 'n brandwond
20 minute lank

?

- | | Ja | Nee |
|--|--------------------------|--------------------------|
| 1. Wat moet jy doen as jy jou hand verbrand: | | |
| a) die brandwond in koel water laat afkoel | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| b) stop, val en rol | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| c) botter op die brandwond sit | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| 2. Het jy jou ouers geleer hoe om 'n brandwond af te koel? | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |

5

Stop! Val! en Rol!

As jou klere vlam vat, tree vinnig op om die vlamme te blus.



Stop — moenie hardloop nie.



Val op die grond en bedek jou gesig met jou hande.



Rol om en om, om die vlamme te blus.

?

1. Wanneer moet jy stop, val en rol:

- a) as jou klere vlam vat
- b) as jy jou hand op die stoof verbrand
- c) as jy die rookalarm hoor


Ja	Nee
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

2. Het jy jou hele gesin geleer om te stop, te val en te rol?

<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
--------------------------	--------------------------

2

Word wakker! Kry 'n rookalarm!



Die meeste huisbrande begin snags. 'n Rookalarm sal jou wakker maak **voordat** die brand buite beheer raak. Word wakker en koop 'n rookalarm — dit kan jou lewe red!

As jy die rookalarm hoor, is daar nie tyd om te verspeel nie... Moenie jou besittings probeer red nie. Gaan uit die huis en bly buite!

?

1. As jy die rookalarm hoor, wat moet jy doen?

- a) Omrol en weer aan die slaap raak
- b) Uitgaan en buite bly
- c) Jou besittings red

Ja	Nee
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

2. Het julle 'n rookalarm in julle huis?

Indien nie, het jy vir jou ouers gevra om een te koop?


<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>
<input type="checkbox"/>	<input type="checkbox"/>

3

Beplan hoe om uit te kom

Baie mense word in hulle huise vasgekeer as 'n brand ontstaan.

Beplan hoe om uit te kom. Maak seker daar is meer as een manier om uit elke kamer te kom, sodat jy maklik kan uitkom. Kies 'n veilige plek om buitekant die huis saam te kom. Oefen die wegkomplan saam met jou hele gesin.




?

- | | | |
|--|--------------------------|--------------------------|
| | Ja | Nee |
| 1. Het jy beplan hoe om uit 'n brand in julle huis te ontsnap? | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| 2. Is daar meer as een manier om uit elke kamer te kom? | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| 3. Het jy die wegkomplan saam met jou hele gesin geoefen? | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |

4

Kruip laag onder die rook

As 'n brand ontstaan, moet jy uitkom en buite bly!
 Rook is **warm**! Jy kan doodgaan van rook wat jy inasem.
 Kruip dus laag onder die rook om uit die brand weg te kom.
 Bly laag en kruip so vinnig as jy kan!



?

Kruip op jou hande en knieë. Nie op jou maag nie.
 Giftige gasse daal tot op die vloer.

- | | | |
|--|--------------------------|--------------------------|
| | Ja | Nee |
| 1. As 'n brand ontstaan, moet jy: | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| a) na buite hardloop | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| b) laag onder die rook kruip | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| c) uitgaan en buite bly | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |
| 2. Het jy saam met jou hele gesin geoefen om laag onder rook te kruip? | <input type="checkbox"/> | <input type="checkbox"/> |